## MONTANAPARK SELGROEP, 17 JANUARIE 2024

### LEER OM JOU GEESTELIKE WAPENUITRUSTING REG TE GEBRUIK

Toe ek in die weermag was, was een van die eerste goed wat ons geleer het, om die R4 geweer waarmee jy toegerus is, uitmekaar te haal, en dan weer aanmekaar sit. Ons moes dit in die donker doen. Die toets was 'n geweer waarvan die parte op die vloer gelê het. Jy het 'n paar sekondes gehad om al die dele in die regte volgorde terug te sit sodat die geweer gereed was vir aksie.

Ek onthou in my selgroepe van vroeëre jare hoe ek die ouens geleer het om die Bybel as 'n wapen te gebruik. Die doel was om te verstaan hoe die Bybel se twee testamente en 66 boeke werk. Vandag nog kry ek die aapstuipe as die predikant vra om na byvoorbeeld Johannes 10 te gaan, en dan soek "die gemeente" dit eers in die indeks op, of hulle blaai eindeloos iewers in Spreuke rond. Hulle ken nie hulle wapen nie!

Kom ons leer 'n eenvoudige beginsel, die van 'n ketting, om ten minste solank die Nuwe Testament te verstaan. Ons maak gebruik van 'n reeks skakels, wat 'n ketting vorm. Onthou dat hierdie skakels nie die volgorde aandui soos wat die boeke geskryf is nie. Die datum vir elke boek word aangedui.

1. **Skakel 1**: Die vier evangelies is eerste. Die rede is dat die evangelies die koms van Jesus Christus uitbeeld (sy werk op aarde; sy dood; sy opstanding; en sy Hemelvaart) en die stigting van die Kerk aankondig:

    a. Matthéüs (50-60 nC, die belastinggaarder, primêr aan 'n Joodse gehoor.)
    b. Markus (50-60 nC, in Rome, aan 'n Romeins-Christen gehoor. Hy was nie een van die dissipels/apostels nie. Dit was die eerste evangelie wat voltooi is.)
    c. Lukas (60-61 nC, 'n mediese dokter, aan Theófilus. Hy het groot dele van die evangelie geskryf op grond van ander ooggetuies. Hy het Jesus gladnie in persoon geken nie.)
    d. Johannes (80-90 nC, aan 'n Christen gehoor.)

    As jy gedink het die evangelie skrywers het sommer so met hulle tyd saam met Jesus die verhale opgeteken, dink weer. Veral Johannes moes mooi kon onthou wat gebeur het, vandaar dat dit slegs deur die leiding van die Heilige Gees gedoen kon gewees het. In ander gevalle het die skrywers staat gemaak op die vertellinge van ooggetuies, soos Lukas.

2. **Skakel 2**: Die stigting en verhaal van die Kerk van die eerste eeu: As ons die verhaal van die vier evangelies verstaan, is die volgende stap wat ons met hierdie evangelie(s) moet doen. Die evangelies lei tot die stigting van die kerk, en dit begin met die tweede boek wat deur Lukas geskryf is:

    a. Handelinge (62 nC, Lukas die mediese dokter, aan Theófilus.)

    'n Mens sou dink dat die twee boeke van Lukas lank uitmekaar geskryf moes gewees het. Tog word die tyd van hulle skrywe as tussen 60 en 61 nC aangedui. Dit is sommer baie lank na die gebeure plaasgevind het. Dit is amper asof Lukas die twee boeke as Deel 1 (sy evangelie) en Deel 2 (Handelinge) geskryf het. In beide gevalle was hy 'n ooggetuie van die gebeure, veral in Handelinge, waar hy saam met Paulus gereis het.

3. **Skakel 3**: Alles wat in Handelinge as 'n verhaal beskryf word (Sien Handelinge 1:1 – die eerste verhaal van Lukas was die evangelie. Die tweede een, aan Theófilus, is Handelinge.), word in meer besonderhede in die briewe uiteengesit, spesifiek die briewe van Paulus. Paulus was die toonaangewende dryfveer agter die Kerk van die eerste eeu. Ons lees in Handelinge 28 van Paulus se tyd in Rome, en waar hy ook sou sterf. Dit is die langste brief en dus gepas dat die eerste brief die een aan die heiliges in Rome sou wees:

    a. Romeine (56 nC, aan die gemeente in Rome, terwyl Paulus is Gaius se huis in Korinthe gebly het. Paulus het voorgelees, en Tértius het dit geskryf (Rom 16:22).

4. **Skakel 3**: Die briewe van Paulus gaan verder, met twee briewe aan die gemeente in Korinthe. Hierdie stad was belangrik omdat dit 'n kruispad was vir baie handel, en dus die ideale area sou wees om die evangelie na die heidene te neem. Hou die einde van die name in gedagte – die *-iërs*:

    a. 1 Korinthiërs (55 nC, aan die gemeente in Korinthe, vanuit Éfese. Sósthenes was die mede-skrywer.)
    b. 2 Korinthiërs (55-56 nC, aan die gemeente in Korinthe, met die hulp van Timótheüs, vanuit Macedonië.)

5. **Skakel 4**: Die briewe van Paulus gaan aan met die volgende *-iërs* boeke. Paulus verduidelik sy bekering en sending die beste in sy brief aan die gemeente in Galásië en daarna aan die gemeente in Éfese:

    a. Galásiërs (49-50 nC, aan die gemeente**s** van Galasië – nie net een gemeente nie.)
    b. Efésiërs (60-62 nC, aan die heiliges in Éfese, vanuit die tronk in Rome.)

6. Skakel 5: Die volgende is 'n reeks korter briewe, elk bedoel vir 'n spesifieke gemeente, wat ons die *-ense* briewe sal noem:

    a. Filippense (60-62 nC, aan die heiliges, opsieners, en diakens in Filippi. Dit was die eerste kerk in Europa. Timótheüs was die mede-skrywer.)
    b. Kolossense (60-62 nC, aan die gelowiges in Kolosse, terwyl Paulus in die tronk was. Timótheüs was die mede-skrywer.)
    c. 1 Thessalonicense (51 nC, aan die gemeente in Thessalonika, die tweede kerk in Europa na Filippi, vanuit Korinthe. Timótheüs was die mede-skrywer.)
    d. 2 Thessalonicense (51-52 nC, aan die gemeente in Thessalonika. Timótheüs was die mede-skrywer.)

    As jy begin rondblaai om 1 en 2 Thessalonicense op te spoor, soek die T-boeke – Thessalonicense, Timótheüs, en Titus. Hulle is bymekaar.

7. **Skakel 6**: Na die briewe aan gemeentes, skryf Paulus briewe aan indiwidue:

    a. 1 Timótheüs (62-64 nC, aan Timótheüs, en bemoedig hom vir sy bediening in Éfese. 'n Pastorale brief, soos ook die een aan Titus.)
    b. 2 Timótheüs (66-67 nC, aan Timótheüs.)
    c. Titus (62-64 nC, aan Titus, die pastor in Kreta, 'n pastorale brief.)
    d. Filémon (60-62 nC, saam met Timótheüs, vanuit die tronk, aan Filémon ('n leier in die kerk in Kolosse), Áppia, en Archíppus, en die gemeente in sy huis.)

8. **Skakel 7**: Dit is Paulus se laaste skrywe (die tweede een aan Timótheüs en die skrywe aan die Hebreërs was die laastes wat hy geskryf het) maar is krities – sy brief aan sy eie mense, die Jode.

    a. Hebreërs (67-69 nC, aan die Hebreërs, sy eie mense, waarskynlik deur Paulus, selfs al word sy naam nie genoem nie.)

9. **Skakel 8**: Ons kom nou by die eerste boeke wat nie deur die vier evangelie skrywers of Paulus geskryf is nie. Een is aan die twaalf stamme in die verstrooiing; dan twee deur Jesus se nommer een dissipel; dan drie kort briewe deur die laaste lewende apostel, en dan een met net een hoofstuk, aan diegene wie geroep, geheilig, en bewaar is:

    a. Jakobus (44-49 nC, 'n halfbroer van Jesus, aan die twaalf stamme in die verstrooiing – kyk 'n bietjie na hierdie een se datum! Jakobus is eerste geskryf. Sy fokus is die Joods-Christen gelowiges buite Israel.)
    b. 1 Petrus (64-65 nC, saam met Silvánus (1 Pet 5:12), moontlik vanuit Babilon (Rome) aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galasië, Kappadócië, Asië, en Bithinië.)
    c. 2 Petrus (67-68 nC, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het.)
    d. 1 Johannes (90-95 nC, vanuit Éfese, aan 'n algemene gehoor.)
    e. 2 Johannes (90-95 nC, aan die uitverkore vrou en haar kinders.)
    f. 3 Johannes (90-95 nC, aan Gajus, waarskynlik vanuit Éfese.)
    g. Judas (68-70 nC, 'n halfbroer van Jesus, aan gelowiges.)

10. **Skakel 9**: Die laaste boek in die Nuwe Testament is eintlik in sommige vertalings verkeerd beskryf. Dit is nie "Die Openbaring van Johannes" nie, maar eerder "Die Openbaring van Jesus Christus aan Johannes". Ons verwys gewoonlik net na die boek as:

    a. Openbaring (94-96 nC, van Jesus aan Johannes, vanuit Patmos (Opg 1:9) aan die sewe gemeentes in Asië.)

## TOETS

Wat jy gaan doen is die volgende: noudat jy met die kaartjies gespook het, neem 'n stuk papier en probeer om die Nuwe Testament boeke in die regte volgorde neer te skryf. As jy 'n fout maak, **begin oor**. Jy kan hulle ook opsê. Die belangrikste is dat sodra jy 'n fout gemaak het met die volgorde, begin jy van vooraf. Gebruik die indeks in jou Bybel om die volgorde van die boeke te kry, maar moenie vooruit gaan nie. Daar waar jy vashaak, sit 'n stuk papier bo-oor die volgorde van die boeke en beweeg een boek of brief op 'n slag ondertoe.

## VERDERE SELFSTUDIE

Die doel van hierdie oefening is om jou te motiveer om bietjie meer ondersoek in te stel oor die oorsprong van die Nuwe Testamentiese boeke (outeur, jaar, oorsprong, teikengehoor, doel, ens.). Op dieselfde tyd leer jy om te weet waar die boeke ten opsigte van mekaar verskyn, gaan jy nie soos 'n dommie lyk as jy in die kerk of waar ook al sit en 'n verwysing moet opspoor nie.